

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

VEEDIEWE LOOP HULLE VAS!!!



Twee vermeende veediewe is Donderdag, 28 Julie in hegtenis geneem deur 'n gesamentlike poging van boere in die Moedersdeel-distrik en Heilbron Polisie-dienst. Ernst de Bruyn van die plaas Sandbult vertel dat een van sy plaaswerkers Donderdagaand 'n verdagte voertuig op die plaas opgemerk het en hom dadelik daarvan in kennis gestel het. De Bruyn het die boere op die plaaswaggroep via Whatsapp in kennis gestel asook die SAPD.

Verskeie boere het dadelik al die paai afgesper en die motor ingewag. Adjutant James Houy van die Heilbron SAPD, in samewerking met die boere in die omgewing, het die voertuig voorgekeer en deursoek. Daar was bevestig dat die twee insittendes wel vee gesteel het. Ses skape was in die motor gevind, drie in die katebak, twee agter op die sitplek en een reeds geslag. Van

die ses skape was vyf nog lewendig gevind. Die mans was gearresteer op aanklag van veediefstal en het Maandag die 1ste Augustus in die hof verskyn waar hulle borg teengestaan was. Die saak is uitgestel en hul verskyn Maandag 8 Augustus weer in die hof.

Die was nie die enigste vee wat onlangs in die Moedersdeel omgewing gesteel is nie. 'n Totaal van 380 Skape was ook by Koos Engelbrecht gesteel, 'n week voor hierdie arrestasie van die beweerde veediewe plaasgevind het. Koos het 'n totaal van 253 skape reeds teruggekry, maar die res word nog gesoek. 'n Saak is by die polisie oopgemaak maar nog geen arrestasies is vir hierdie voorval gemaak nie. Beide sake duur voort.

Hoërskool Wilgerivier Wilgerivier sportgronde, Frankfort

Kaartjies R150 pp **Kinders 0/12 R100**

KOM GENIET DIE DAG SAAM MET ONS

WILGIEFEES

12 Augustus

Toegangskartjie gee 3 persone 'n geleentheid om 'n skaap te wen!

Alle aktiwiteite is gratis

Verskeie stalletjies

HEKKE OPEN 10:00 AM

NG Kerk - Suid verkoop:
12 Augustus 2022
 Kerrie & Rys R35.00

19 Augustus 2022
 Rib Burgers R35.00

Bestellings kan geplaas word by Gerda - 081 356 7575
 Kan tussen 12:00 en 14:00 afgehaal word.

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
 Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
 Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

BKB
 The Trusted Name of Agriculture
 Die Betroubare Telling van Landbou

www.bkb.co.za



Uit die pen: Week 31 van 2022

onthou elke lieue kampvakansie. Want ek het elke lieue kampvakansie gehaat.

Reggeraai: ek is nie 'n happy camper nie.

Nietemin. Ons vertrek sak en pak na die genoemde Vrystaatse vakansieoord. Ek noem nie die naam nie because I want to protect the innocent.

My chalet se lugversorger werk nie. Altans, dit werk, maar slegs wanneer die waaier aan is. Het ek vergeet om te noem dat dit winter was?

Nietemin. Ek hoor iemand vertel dat die koffiewater effens troebel lyk. Synde ek nie koffie drink nie, pla dit my nie, want wanneer ek die teesakkie so lekker laat trek, verkleur die water na teekleur, en daar is geen probleem nie.

Iemand vertel dat hulle nie eers hulle tande met die kraanwater borsel nie, want netnou raak hulle siek. Sissies, dink ek.

Teen aand nommer drie kom klop my een kollega my op: ons moet dadelik na die eetsaal toe gaan. Boesemvriendin bly in die chalet aan my ander kant, en ons twee stap oor na haar toe om te hoor of sy wil saam gaan.

Sy vererg haar gruwelik. Wie, vra sy, dink hierdie mense is hulle om haar, amper in die middel van die nag, na 'n eetsaal toe op te roep. Sy is nie 'n koshuiskind in die laerskool nie, en sy het iederveval alreeds haar pajamas aan. Hulle kan loop slaap. Soos sy wil doen.

Dit help nie ons motiveer haar om saam te kom nie, want sy het klaar besluit. Ek en die ander kollega gaan na die eetsaal, waar ons een van die grootbase aantref. Diep in gesprek.

Ambulances are rushing to the scene.

O, aarde, watter scene?

Doctors are on their way.

Genugtig! Het iemand seergekry?

We are terminating the workshop.

Jippie! En dan weer: maar dit is die middel van die nag?

Ja, sê die grootbaas. Diegene wat nou wil ry (komaan! Dis 22:00! Wie gaan nou wil huis toe ry?) kan dadelik ry. Die ander kan bly tot more-oggend, maar moet dan stil-stil die vakansieoord moet verlaat. En ons mag met geen media praat nie.

Op daardie noot: ek kon nooit verstaan hoedat iemand jou kan verbied om met die media te praat, indien dit nie in 'n kontrak gestipuleer is nie. Maar almal sidder wanneer hulle hoor dat hulle nie met die media mag praat nie, dat hulle iederveval skuldiger lyk as wat hulle normaalweg sou wees.

Iederveval: ons hoor dat daar mense is wat dodelik siek (wel, dit is so aan ons beskryf) in hulle chalets lê (vir wat nie in 'n hospitaal nie?) en hulle wil nie nog ongevalle hê nie.

Ek wonder watter tipe siekte hier ter sprake is, en ek en kollega verneem dat die persone wat so dodelik siek is, se mae aan die hol is. Seker nou nie "hol" nie, maar dit klink vir my na 'n lekker vergelyking.

Geluk is daar niks fout met ons nie, gesels ek en kollega met mekaar. Ons gaan terug na boesemvriendin se chalet en vertel vir haar die goeie nuus: ons kan more-oggend huis toe gaan.

Tesame voer ons 'n danspassie of twee uit, somer net uit pure opgewondenheid.

Ons verkas na ons eie chalets toe.

Omtrent 'n uur daarna kom ek met mening agter wat fout is met die ander mense wat saam met ons op by die werkswinkel is. Die maagkrampe is onuithoudbaar, ek kry nie vinnig genoeg gehardloop nie en ek parkeer myself sommer langs die Groot Wit Troon. Later gooi ek vir my 'n handdoek op die vloer en wanneer ek kan, raak sommer daar aan die slaap totdat dit weer sulke tyd is.

Vroeg die volgende oggend, steeds pap van die nag se manewales, kom die persoon saam met wie ek soontoe moes ry, my bagasie haal. Ek sleep myself uit die chalet uit tot in sy kar, en hoop dat ek die rit sal kan oorleef. Heimlik hoop ek dat sy kar dit sal oorleef.

By die eerste winkel gaan koop hy vir my twee bottels van daardie blou energiedrankie. Ek het maar swaar gesluk aan die eerste paar milliliter, maar aangaande het ek beter gevoel. Ek lê plat in sy kar totdat ons drie ure later by die huis aankom.

Uiteindelik. Ek gaan krap in die medisynekassie vir nog betervoel-medisyne en gaan gooi myself somer dwars-oor die bed, waar ek diep in die nag wakker word van 'n Alsatia wat my gesig skoon lek.

Die oorsaak? Die troebel water, sou ons later uitvind. Ook dat een of ander haai pollaai die dag voordat ons daar bymekaargekom het, beveel het dat die oord moet toemaak totdat hulle waterkwaliteit getoets is.

Wat duidelik toe nie gebeur het nie.

Wanneer jy dink water is te sleg om te drink, dan is dit.

Dure les geleer. Sela.

Ek gesels Sondag met 'n vreemdeling oor water. In SA is ons nou al lankal verby wie se kraanwater is lekkerder as ander s'n. Ons vra nou wie se kraanwater maak jou sieker as ander s'n.

Bothaville en Welkom se water was altyd loshande die slegste wat ek al ooit geproe het. Ek kan nie die smaak beskryf nie: dis tussen brak en hond sleg. Dit het my laat dink aan iemand wat ek lank gelede geken het. Hy het vertel dat hulle as studente slegte kos gekry het. Hulle belê toe 'n huisvergadering daaroor. Op die vraag oor presies hoe sleg die kos was, antwoord iemand: "Kom ons stel dit so: as my hond dit sou eet, sou hy agterna onder sy stert geleek het."

Dis nou nie die presiese woorde wat hulle gebruik het nie, maar ek dink jy kry die prentjie.

Ons kry 'n uitnodiging om by een of ander vakansieoord te gaan vir 'n week se werkswinkel. As kind kan ek onthou dat ons een keer die karavaan soontoe gesleep het. Ja, ek kan dit haarfyn onthou, want ek

DIE OU HOSPITAAL NAAMBORD KRY BINNEKORT 'N NUWE TUISTE

Die Tokollo distrikshospitaal op Heilbron was vroeër bekend as die Dr. D.J. Serfontein hospitaal. Al het die naamsverandering al reeds 'n paar jaar gelede plaasgevind, is die ou oorspronklike naambord nog steeds daar, weggesteek in die hospitaaltuin.

Daarom dat daar besluit is om die naambord te skuif na die Riemland Museum

gronde, waar die geskiedenis en die naam van Dr. Serfontein, wat baie gedoen het om 'n hospitaal op Heilbron te vestig, tot hul reg kan kom.

Daar is reeds 'n plek op die museum gronde geïdentifiseer aan die agterkant van die gebou waar die bord geplaas kan word. Dit sal aan die agterkant geplaas word om enige verwaring dat die museum nou 'n

hospitaal is, te vermy.

Die vooraansig van die oorspronklike hospitaal wat in 1936 gebou is, is nog onveranderd met die datum duidelik sigbaar.

Indien enige iemand beswaar het teen die verskuiving van die bord kan Mnr.

Mofomane by die Tokollo hospitaal, of Piet Lombard van die Riemland Museum gekontak word.

*Museum groete
Piet Lombard
082 466 5750*



BORSMELK - DIE VOLMAAKTE VOEDING

■ Heilbron Kliniek

Borsmelk is die volmaakte, natuurlike voeding, spesiaal gemaak vir die groei en ontwikkeling van die baba.

Borsmelk bevat al die energie, vitamien, ander voedingstowwe, in die korrekte hoeveelhede en water wat die baba nodig het. Selfs op 'n baie warm dag les borsmelk die baba se dors. Dit is belangrik dat die ma genoeg water drink.

Borsmelk bevat teenliggaampies wat die baba teen algemene siektes, soos diarree en borsinfeksies, beskerm.

Borsmelk is altyd beskikbaar (gereed en reg) en hoef nie voorberei te word nie.

Borsvoeding bevorder die band tussen die ma en die baba.

Borsvoeding het gesondheidsvoordele vir die ma:

- Verminder bloeding onmiddellik na kraam.

- Help dat die ma gouer gewig verloor en dat haar baarmoeder gouer na sy oorspronklike posisie, soos voor swangerskap terugkeer.

- Verminder die kans vir bors- en baarmoederkanker.

Voed jou baba die eerste ses maande met slegs borsmelk - dit is eksklusiewe borsvoeding. Moenie jou baba enige ander kosse of vloeistowwe soos water, diermelk (beesmelk, bokmelk ens), babaformule of pap gee nie. Moenie bababottels of botteltiende gebruik om baba te voed nie. Gee slegs medisyne wat deur 'n dokter voorgeskryf is.

Wat jou te doen staan:

- Maak seker dat jou baba goed (behoorlik) aan jou bors heg. Die baba sal dan behoorlik kan borsvoed en al die borsmelk kry wat hy of sy wil hê. Dit sal ook voorkom dat die tepels bars of seer word. By moeders wat MIV positief is, sal dit die kans op oordrag verminder.

- Borsvoed jou baba so dikwels as wat die baba wil, bedags en snags. Dit word voeding op aanvraag genoem en verseker dat jou borste melk maak vir jou baba.

- Voeding op aanvraag (gewoonlik agt tot 12 keer per dag, insluitende nagvoedings) help verseker dat die baba genoeg borsmelk inneem en jy genoeg borsmelk het.

- Laat jou baba aanhou drink aan een bors totdat jou baba vanself die bors los en sit die baba dan op die ander bors.

- Moenie altyd met dieselfde bors begin wanneer voed nie.

DIE RUS INGE GAAN

† Louis Jordaan is die 31ste Julie oorlede in die ouderdom van 75 jaar. Sy diens is Maandag 8 Augustus vanuit die AGS Kerk Heilbron om 11:00. Die teraardebestelling Vegkop Heilbron.



GEDENKDIENS VIR MEGAN

Maandag 8 Augustus 2022

Megan Watson, dogter van Abrie en Ria Watson van Heilbron, is Maandag skielik in die ouderdom van 31 jaar aan huis in Reitz oorlede.

Die patologiese verslag met haar heengaan het aangedui dat sy aan natuurlike oorsake oorlede is.

Megan het Maandag griepig gevoel en tuisgebly met die ondersteuning van haar werkgewer, VKB, waar sy as interne ouditeur haar beroep beoefen het.

Megan was 'n oud-leerling van Hoërskool Heilbron en het haar LLB graad aan die PUKKE voltooi waarna sy op 5 Desember

2019 in die Hooggeregshof, Pretoria toegelaat is as lid van die Prokureursorde.

Sy het haar studierigting verander om 'n CA graad aan te pak en het aangesluit as interne ouditeur by VKB se hoofkantoor waar sy reeds haar B.Rek graad voltooi het.

Met ter perse gaan word 'n gedenkdiens Maandag om 10 uur gehou deur ds. Braam van Zyl vanuit die NG Moederkerk op Heilbron.

Sy word oorleef deur haar ouers, drie susters, grootouers en familie.



ROLBALKLUB BESIGHEIDSLIGA



Op die foto vl: Eben Stander, Jurie Jonker, Jackie Leonard, Christelle Adlem, JC Pretorius en Dolly Pretorius.

Met die winter op sy rug is dit ook 'n teken dat die rolbalkklub weer besig is met die beplanning van Besigheidsliga 2022.

Hannalie Claassen het alreeds begin om al die reëlins in plek te kry om seker te maak dat hierdie jaar se liga weereens 'n groot lekkerte sal wees.

Die manne wat met 'n stok die klein balletjies rondjaag het verlede jaar die groot balle uitstekend gerol om uiteindelik as die wenners gekroon te word.

Van die spanne wat reeds ingeskryf het, het belooft om die manne van die gholff opdraende te gee hierdie jaar om seker te maak die trofee gaan nie weer na die gholffers toe nie, maar nou ja, soos Naas Botha gesê het, die Curriebeker word nie in

Meimaand gewen nie. So word die besigheidsligatrofee ook nie in Augustus aangevra nie, dit is 'n geval van uithaal en wys.

'n Pragtige trofee is spesiaal verlede jaar vir die Besigheidsliga gemaak en op die foto staan Jackie Leonard en sy span trots met die trofee. Die twee dames op die foto is daar om kleur aan die foto te gee.

Aangesien die rolbalbaan vir ongeveer 3 tot 4 weke gesluit sal wees vir hierdie jaar se instandhouding, word daar beplan dat die Besigheidsliga die laaste week van September sal begin.

Edward Muller sal ten spyte daarvan seker maak dat Woensdagaande steeds op die kalender bly vir 'n lekker braai en ietsie wat daarmee saamgaan.

"LADDER OF SUCCESS"

Spar Heilbron vier die nuutste toevoeging tot hul prestasies... "Ladder of Success". Dit is die tweede keer vandat Jimmy de Villiers Smith eienaar is van Spar Heilbron dat die prestasie behaal word. Jimmy vertel dat die nie 'n maklike prestasie is om te behaal nie en dat Spar aan verskeie kriteria moes voldoen en 'n minimum van 80% moes behaal. Die kriteria sluit in omsette, aankope, Spar handelsmerk-items en lojaliteit, asook kleinhandel kontrolelely, items wat reg geprys

is en nog vele meer. Spar Heilbron het vir al die kriteria meer as die minimum vereistes behaal. Spar het ook vir voedselveiligheid meer as 90% behaal in die kriteria. Daar word beweer dat van die 300 Spar kettingwinkels in die distrik net 90 die toekening ontvang het. Nie net het Spar 'n sertifikaat ontvang nie, maar wel ook 'n prys. Alhoewel Spar al voorheen die prestasie ontvang het, het hulle nog nooit persentasiegewys so goed gevaar soos hierdie jaar nie.



Op die foto vl: Chrissie Harmse, Jimmy de Villiers-Smith en Odette Dietrichsen.

HBG **WESDAN** *Louise*
 EXTERNE MEDINGS
STOET

VAKANTE BETREKKING

Onderdele, Voorraadbeheer en Kontrole Bestuurder

Minimum vereistes: Matrieksertifikaat; Rekenaargeletterd; Geldige bestuurssensie; Goede kommunikasievaardighede; Goede menseverhoudings; Selfdiscipline en organisasie; Vorige ondervinding sal voordelig wees.

Pos Beskrywing en Verantwoordelikhede:

- Die beheer van die algemene admin wat gepaard gaan met die pos.
- Voorraadbeheer van die saad, chemies en kunsmis op al die plase.
- Voorraadbeheer van alle onderdele, gereedskap en toerusting op die plaas.
- Bestellings, kwotasies en verkryging van onderdele en toerusting.
- Beheer van die dieselloosvoorraad en bestellings.
- Die byhou van inventaris van die gereedskap.
- Die skoonhcu en netheid van die werkswinkel, store en terrein.
- Die instandhouding van die wasplek, toerusting en skoonmaakmiddels

Studingsdatum: 12 Augustus 2022 | Mededingende pakket sal onderhandel word. Alle CV's kan gestuur word na hbt@carfone.net

14 Ringer Street,
Heilbron, 9650

CH Water Pipes

HDPE & LDPE
Manufacturers & Distributors

082 318 8299

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

HENDIE LÖTTER

by
058 852 3033
of epos
heraldnuus@heilbron.co.za



JCB
 Johann Claassen
 Boerdery

VAKANTE BETREKKING

Gekwalifiseerde Dieselwerktuigkundige in Petrus Steyn

- Ondervinding van:
New Holland, John Deere en Case
- Verwysings noodsaaklik
- Moet kan reis na Bothaville en Christiana
- Proeftydperk sal van toepassing wees

CV's kan gestuur word na:
wilna@highfert.com

SMALLS

YORKIES TE KOOP

2 Pratige Yorkies, ingeënt en dadelik beskikbaar.
Skakel Julia Bester 072 279 7743

BEDANKING

TOTSIENS

Tyd om totsiens te sê. Ons verhuis nou na Bethlehem.

Baie dankie vir almal se vriendelikheid en elkeen wat ons deur die jare ondersteun het met die rame.

Ons nommer bly dieselfde. (Sien ons bord by die Spar). Ons gaan nog steeds rame maak in Bethlehem.

Mooi bly en baie groete
Christoff en Susan

Hoërskool Heilbron

ONDERWYSPOSTE

BEHEERLIGGAAM AANSTELLINGS

Pos 1: RTT Gr 10 - 12
Aanvangsdatum: 1 September 2022

Pos 2: Rekeningkunde Gr 10 - 12
Aanvangsdatum: 26 September 2022

Rig volledige aansoek aan:
skoolhoof@hsheilbron.co.za

Navrae: Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za

Sluitingsdatum: 12 Augustus 2022

KENNISGEWING

GOTTENBURG/SLOOTKRAAL
BRANDBESKERMINGS-
VERENIGING

NEEM KENNIS VAN DIE
JAARVERGADERING VAN

GOTTENBURG/
SLOOTKRAAL
BRANDBESKERMINGS-
VERENIGING
VERGADERING WAT
GEHOU SAL WORD

DATUM: 11 AUG. 2022
TYD: 15:00

PLEK: BOERESAAL
BY HEILBRON
GOLF KLUB

Dan net die volgende:
Daar moet georganiseer word.
LET WEL, indien ons nie daarin
slaag nie word ons deur die
Departement gederegistreer.

Navrae:
Marais Breytenbach:
079 874 8849 of
Elsabé Engelbrecht:
082 308 6797

PHITSHANA SCHOOL NEWS



Phitshana School Management Team who pushes everyone to make sure things are happening: Mr KI Thapedi, Dh responsible for sports and Intersen, Me YMM Mokoena Dh foundation phase, responsible for creative arts who always brings these trophies to school, Mr WT Mokoena principal, Me MM Mkhwanazi Deputy principal and Me FL Mosi Dh Intersen.



Phitshana School pupils who took part in drama creative arts had won trophies, among teachers who push learners Me N Ndlovu, Me TJ Sehloho, Me Khumalo and Me Yekwa. Well-done ladies.

67 EENHEDE ONTVANG

Om bloed te skenk is 'n voorreg. Talle lewens word elke dag gered deur die bloed wat geskenk word. Babas wat vroeg gebore is, mense wat in ongelukke betrokke is, kanker asook trauma pasiënte en meer is almal wat jou bloed benodig.

Deur jou eenheid bloed te skenk gee jy ander 'n kans om te lewe.

SANB het Heilbron in Julie besoek en het 'n totaal van 67 eenhede ontvang. SANB wil net graag die gemeenskap bedank vir die onbaatsugtige daad.

Op die foto regs: Pieter van Staden.



PITSTOP VIR JESUS BEDIENING

Daar is nie 'n politieke oplossing vir ons land nie, daars 'n Jesus oplossing, dis die woorde van Marié Bosman wat Saterdag 30 Julie 'n bediening gelewer het aan mense by Pitstop vir Jesus. Alet en Keith Petzer het Pitstop vir Jesus in die begin van die jaar vir die eerste keer gehou. Die Petzers het vier jaar terug 'n paar "Eks derde"-kampe in Pretoria bygewoon en het probeer om elke maand mense van Heilbron saam te neem. Die kamp was so 'n groot inspirasie dat hulle besluit het om iets soortgelyk in Heilbron te begin. "Dit is nie 'n

kerk nie! Dis 'n samekoms van mense wat die Here beter wil leer ken." Sprekers word genooi, bediening en getuïenis word gelewer, vertel Tanya Petzer Botha wat betrokke is by die geleentheid. Pitstop vir Jesus het aanvanklik begin met ongeveer 30 mense, maar het so gegroei dat hulle Saterdag meer as 100 mense was. Die diens was geopen deur Tanya waarna Marié Bosman haarself voorgestel het, Sy het 24 getuïenisse saamgebring waarvan almal dwelmsverslaafdes was. 22 van die getuïenisse was in en uit die tronk. Hulle het mense

vertel oor in waste diep gat hulle was en hoe Jesus hulle gered het. Marié het self haar lewensverhaal gedeel waarna sy vir mense gebid het. Die Petzers gebruik die geleentheid om nie net mense se siel te voed nie, maar hul magies ook. Elkeen wat die geleentheid bygewoon het, het 'n warm bord kos ontvang en koffie. Die uitgawes word deur die Petzers gedek en om die geleentheid by te woon kos mense niks. Tanya vertel dat almal by Pitstop vir Jesus welkom is. Pitstop vir Jesus het een doel en dit is om almal wat kom nader aan ons Vader te bring. Die 17de September 2022 is die volgende Pitstop vir Jesus.



Op die foto voor vl: Marié Bosman en Tanya Petzer Botha. Agter vl: Keith en Alet Petzer en Chantelle Bloem.



Op die foto Marié Bosman en haar getuïenisse.

BRONNIES PRESTEER



Jaco Moolman, graad 7 leerder van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Fezile Dabi Noord 0/13 Krieketspan.



Gerrit du Plooy van Hoërskool Heilbron het die naweek aan die Driehoekige Tennis toernooi deelgeneem as deel van die Noord Vrystaatspan. Gerrit het uitstekend gevaar in sy wedstryde waar hy 8 - 1 gewen teen Suid-Vrystaat en 8 - 2 gewen het teen die Oos- Vrystaat.

REITZ LEERDERS PRESTEER

Op die foto regs: Quiriane Charilaou van Hoërskool Reitz behaal 'n pragprestasie by die ATKV-olimpiade. Sy is onder die Top 10 in die Vrystaat en die Top 100 Nasionaal.

Foto onder: Miemie en Carlo Cilliers van Hoërskool Reitz, verteenwoordig die Oos Vrystaat B-span tydens die Driehoekige Reeks in Bloemfontein.



KENNISGEWINGS

KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van WYLE PETRONELLA HENDRINA WILKINSON, Identiteitsnommer: 490624 0030 084 in lewe 'n Rentenier woonagtig te Kareestraat 8, Reitz, 9810, getroud Binne Gemeenskap van Goedere met ALFRED BILLINGHAM WILKINSON, Identiteitsnommer: 510705 5007 080
DATUM VAN AFSTERWE: 16 SEPTEMBER 2020
BOEDELNOMMER: 007279/2020
 Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
 Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landros word gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR
BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
REITZ, 9810

KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle HELENA NAUDE, Identiteitsnommer 491026 0098 08 8, wie getroud was binne gemeenskap van goed met DAVID BENJAMIN NAUDE, Identiteitsnommer 450118 5006 080 en woonagtig was te Breëstraat 25, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 15 Januarie 2021, boedelnommer 002731/2021.
 Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF
BREËSTRAAT 33
POSBUS 199
HEILBRON, 9650

KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van WYLE STEPHANUS HERMANUS TERBLANCHE Identiteitsnommer: 670304 5011 080 woonagtig te Plaas Pietersfontein, Reitz, 9810, Getroud Buite Gemeenskap van Goedere.
DATUM VAN AFSTERWE: 8 MEI 2022
BOEDELNOMMER: 005578/2022
 Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres.
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ, 9810

Petrus Steyn Internet
 Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plekke.
 Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909


We've got your back!
 Give your back the right buddy!

| | | |
|-------------------------------------|---|------------------------------|
| R2590 Concorde Maxi Chair | R2190 Concorde Visitors Chair | R2090 Rocket Chair |
|-------------------------------------|---|------------------------------|

Office National
 finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
 Prices valid until end of August 2022 | Prices include VAT

PLOEG SEMOER
 Egte LEER BELDE
WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751
 www.ploegsemoer.com

AUCTION
REFER: NN2121/SVDW
CASE NO. 138/2020
NOTICE OF SALE IN EXECUTION
IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN
 In the matter between:
THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED

Plaintiff
 and
DANIEL BENJAMIN NIENABER
(ID Number: 710706 5252 088)
First Defendant
 and
ELMARIE NIENABER
(ID Number: 750310 0190 087)
Second Defendant

In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 September 2020 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **MONDAY the 15 AUGUST 2022** at 13:15 at before the Sheriff of **HEILBRON** held at **MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON.**
CERTAIN: 881 ORANJEVILLE EXTENSION 1, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE IN EXTENT: 2650 (TWO THOUSAND SIX HUNDRED AND FIFTY SQUARE METRES) HELD BY: DEED OF TRANSFER NO. T31362/2006 SUBJECT TO: THE CONDITIONS THEREIN CONTAINED ALSO KNOWN AS: 76 STRYDOM STREET, ORANJEVILLE
CONSISTING OF: A RESIDENTIAL UNIT ZONED FOR RESIDENTIAL PURPOSES CONSISTING OF A 1 X LOUNGE, 1 X DINING ROOM, 1 X KITCHEN, 4 X BEDROOMS, 2 X BATHROOMS, 4 X GARAGES. (NOT GUARANTEED)
 The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale. The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, Heilbron.

TAKE FURTHER NOTICE THAT:
 This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the **SHERIFF FOR THE HIGH COURT OLD MUTUAL BUILDING, 41 BREË STREET, HEILBRON.** Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e.:
 1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
 2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
 3. Payment of registration monies.
 4. Registration conditions.
 The office of the **SHERIFF OF THE HIGH COURT, HEILBRON (JOHAN VAN ROOYEN)** will conduct the sale.
 Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
 Dated at Bloemfontein on this the 19th day of APRIL 2022.

ATTORNEY FOR PLAINTIFF
DERK VAN VUUREN
McINTYRE VAN DER POST
C/O MCINTYRE VAN DER POST
12 BARNES STREET
WESTDENE, BLOEMFONTEIN
9301
REF: NN2121/SHARI VAN DER WALT
SHERIFF OF THE HIGH COURT
OLD MUTUAL BUILDING
41 BREË STREET
HEILBRON
TEL NO. 058 853 0490 / 083 702 1238

DIENSTE SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...
 Vir sny-, hark- en baalwerk.
 Kontak Evert Kleynhans
 072 018 3685 Heilbron

Elsabé Keogh
PHOTOGRAPHY
 Kiddies Parties
 Matric Farewell
 Engagement & Wedding
 Individual & Family Shoot
 Maternity & Newborn
 @ElsabeKeoghPhotography 082 525 1014

HEILBRON • EDENVILLE
• FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
 Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

BAAL / SNY & BAAL
 Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
 Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
 peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENKDATUMS - 2022

27 September 2022
29 November 2022

POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT
POSTNET HEILBRON

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
 All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
 42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
 Tel: 058 853 0006
 Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
 Elsstr. 47 HEILBRON
 Tel: 058 852 2041
 Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
 Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140
 www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Silma herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.
 Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
 Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Classen
079 040 0531

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
 Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestaat 66 • Heilbron
 Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en **14:00 - 17:00** (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondae & openbare vakansiedae.



Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
 082 344 7005
 016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

SNY JOU BABA TANDE?

Algemene simptome:
 Seer en gewolde tandvies; Matige koors; Knaag en kners;
 Verhoogde karyl wat 'n uitslag rondom die mond kan veroorsaak;
 Verandering in eet- en slaap patrone

Homopatiese behandeling:
 • Chamomilla: Word sangedal wanneer die baba uiters geritteer is en pyn oordraaglik blyk te wees. Word geassosieer met groeierige stoelgang.
 • Belladonna en Acarita: Verhoogde inflammasie in die tandvel.
 • Salva vertoon met rooi wange, koors en rustlose slaap.
 • Ignatia en Pulsatilla: Wanneer 'n kind baie emosioneel of hullerig voorkom.

Kontak Dr Joanita Steenkamp:
 082 855 6437 | drjstenkamp@gmail.com



Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

| | |
|--|---|
| A.Vogel 225g Multforce Lemon / Mango WAS R235 ⁹⁵ R219 ⁹⁵ | A.Vogel Baldwynaria 50 ml Drops WAS R149 ⁹⁵ R134 ⁹⁵ |
| A.Vogel Nephrosol 50ml Droes WAS R147 ⁹⁵ R129 ⁹⁵ | A.Vogel Baldwynaria 50 ml Drops WAS R149 ⁹⁵ R124 ⁹⁵ |

063 721 4950 | 087 327 0723
 27 Wesswerts Hillas, Wesswertsdorp, Heilbron

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
 VRYDAE: 07:30 - 16:30
 SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BKB

The Trusted Home of Agriculture
 Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG -09 AGUSTUS 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
 Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
 Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

DEVON: OPEN RANGE BEEFMASTERS
 40 Bulle & 40 dragtige stoetverse
 11:00, plaas Leeuwkop
 Kontak Erik Heymans 083 264 5177

BRANDFORT: JARICO BONSMARAS
 35 Bulle & 200 vroulike diere
 11:00, Kareebom
 Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 10 AUGUSTUS 2022

REITZ Twee-weeklikse veiling
 Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG: ROTSWAND & MARATANA
 150 Simbras
 11:00, veilingkrale
 Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

MEMEL: BOSHOEK BOVELDER EN
 MARITZ BOVELDERS
 90 Bulle
 11:00, plaas Boshoeck

DONDERDAG - 11 AUGUSTUS 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
 Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
 Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
 Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYHEID: RENZO BRAHMANS
 GESAMENTLIKE VEILING
 11:00, veilingkrale
 Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

VRYDAG - 12 AUGUSTUS 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
 Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
 Kontak Mamus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
 Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

THEUNISSEN: KANDYS BEEFMASTERS
 30 Bulle & 130 vroulike diere
 11:00, plaas Brekfontein
 Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

OESVERSEKERING

VERTROU ONS KUNDIGE ADVIES EN UITGEBREIDE DIENSTE
 WANNEER DIT KOM BY OESVERSEKERING.

KOMPETERENDE KWOTASIES BY DIE MARKLEIERS IN OESVERSEKERING
 + GRATIS GPS-LANDKAARTE MET OP-DIE-LAND BESOEKE
 SPAAR JOU TYD GEDURENDE PLANTTYD!

WIL JY 'N PAAR PITTE IN JOU SAK TERUGSIT?

ONS BIED JOU OOK 'N
 PREMIE TERUGBETALING-VOORDEEL
 OP OESVERSEKERING!

SHORT TERM TRUST
 016 931 2686 | 058 853 0071
 Gemagtigde Finansiële Brokerskole: FSP 43364



DIE BESTE BOD

BESTUURDER

P.J. Müller
 060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
 060 965 6207
 Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
 079 506 8777
 Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
 082 494 3127
 Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
 082 489 7424
 Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
 061 180 6802
 Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Gillomee
 082 788 5338
 Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
 082 569 7205
 JJ HADEBESTRAAT 97
 FRANKFORT
 (Longs Bright Dienste)

Boeretreat CLASSIC

12 AUGUSTUS '22

Sien julle vanaand!

| | | |
|--------------------------------|--|---|
| UITSTALLERS VIR DIE DAG | ABRICAD CAIRO GROUP BEKALB/MONSANTO CHERRY WELKOM (HUMAN MOTORS) EQUALIZER ERMELO IVECO THE CRADLE SUPER SEAL MOLATEX | PANNA PIONEER SENWES EQUIPMENT TYRE MART VALTRAC VAN ZYL STAALWERKE VKB MEGANISASIE |
|--------------------------------|--|---|

KAARTJES SAL BY DIE HEK BESKIKBAAR WEES

| | |
|---------------|------------------------|
| 17:30 - 18:30 | FATMAN - HOOF TENT |
| 18:30 - 19:00 | VEILING - HOOF TENT |
| 19:15 - 20:00 | HERMAN KLEINHANS |
| 20:00 - 21:00 | RIAAN BENADÉ |
| 23:00 | KAARTJIE VERKOPE SLUIT |
| 23:30 | KROEG SLUIT |

heilbron@boeretreat.co.za | Heilbron Golfklub
 /heilbronboeretreat | www.boeretreat.co.za

VOLWASSENES R150 | HOËRSKOOLO & PENSIONARISSE R100 | LAERSKOOLO GRATIS